VEERKRAGTIGHEID

Senwes

RESULTATE VIR FINANSIËLE JAAREINDE
APRIL 2021

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

Omset
R7 575 miljoen
57,7%
2020: R4 803 miljoen

Kontant uit bedryfsaktiwiteite
R910 miljoen
67,0%
2020: R545 miljoen

Netto batewaarde
R17,2 per aandeel
R2,1 per aandeel
2020: R15,1

Verdienste voor rente, belasting, depresiasie en amortisasie (EBITDA)
R1 010 miljoen
61,1%
2020: R627 miljoen

Wins na belasting toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die moedermaatskappy
R526 miljoen
73,6%
2020: R303 miljoen

Verdienste per aandeel
307,2 s/aandeel
72,3%
2020: 178,3

DIVIDENDVERKLARING

FINALE DIVIDEND PER AANDEEL:
32 SENT
[2020: 30 SENT]

SPESIALE DIVIDEND PER AANDEEL:
26 SENT
[2020: NUL SENT]

REKORDDATUM:
26 Augustus 2021

BETALINGSDATUM:
2 September 2021

Dividendterughoubelasting sal van toepassing wees.
Vir die verhandeling van Senwes aandele, besoek **www.zarx.co.za**

AANKONDIGINGS

Senwes het gedurende die jaar 100% van die Suidwes Beherend Groep verkry en dit met die Senwes Groep geïntegreer. Die oorblywende 50% van die Hinterland Groep is ook gedurende die jaar onder oorsig bekom, daarna is die besigheid geherorganiseer, geherstruktureer en hervorm ten einde dit terug te plaas na winsgewendheidsvlakke. Agribel Beherend, Senwes se houermaatskappy, het die belang wat gehou was deur Grindrod gedurende Maart 2021 bekom.

Senwes gaan voort met sy strategiese doel om oplossings vir sy klantebasis te bied en waarde toe te voeg. Voorts streef Senwes daarna om die huidige portefeulje na nuwe markte uit te brei ten einde die risikoprofiel beter te balanseer.

OORSIG & VOORUITSIGTE

Die voedsel- en veselketting as sektore was baie geseënd om as noodsaaklike dienste geklassifiseer te word aan die begin van die Covid-19 pandemie en dit, tesame met goeie omgewingstoestande en hoër kommoditeitspryse, het 'n uiters positiewe effek op rolspelers gehad. Die landbousektor was een van slegs 'n paar sektore wat tot ekonomiese groei kon bydra oor die afgelope agtien maande.

Na verwagting sal die nasionale mielieoes meer as 16,2 miljoen ton beloop, volgens die Oesskattingskomitee, terwyl internasionale kommoditeitspryse op goeie vlakke vertoef het die afgelope jaar. Die laer rentekoerse het reuse besparings vir alle besighede meegebring en verwagtinge is dus positief uit 'n kontantvloei- en winsgewendheidsoogpunt. Dit is 'n aanduiding van hoër plantvoornemens vir die 2021/22 seisoen, maar gunstige reënvalpatrone sal natuurlik hierdie vooruitsig moet steun.

BESIGHEIDSEGMENTE

FINANSIËLE DIENSTE

BEDRYFSWINS VOOR BELASTING, NA FINANSIERINGSKOSTE 39,8% ▼

2021 R121m
2020 R201m

Die resultate van die Finansiële Dienstekanaal het verlaag weens die wesenlike verlaging in rentekoerse en die feit dat die 2019/20 oes teen hoër kontantpryse gelikwideer en skulde vinniger terugbetaal is. Dit het produsente in staat gestel om hul verpligtinge na te kom. Daarbenewens het die versekeringsbesigheid nie na wense presteer nie en is die herskikking hiervan op die tafel in die eerste kwartaal van die nuwe finansiële jaar.

INSETVERSKAFFING

BEDRYFSWINS VOOR BELASTING, NA FINANSIERINGSKOSTE 294,6% ▲

2021 R584m
2020 R148m

Die besighede in die Insetverskaffingskanaal het die vrugte gepluk van 'n verbeterde kontantvloeisituasie van sy klantebasis. Inkomste en markaandeel het verder verhoog na die vorige jaar se verstellings aan besigheidsmodelle. Senwes Equipment het uitsonderlike resultate gelewer weens die groei in inkomste by alle departemente, maar ook weens verhoogde voorraadomset en kostebesnoeiingsmaatreëls. Senwes Equipment brei tans ook sy produkaanbod uit by wyse van die John Deere konstruksie- en bosboutoerustingreeks wat onlangs geloods is.

MARKTOEGANG

BEDRYFSWINS VOOR BELASTING, NA FINANSIERINGSKOSTE 15,6% ▲

2021 R215m
2020 R186m

Die verhoogde resultate is grootliks die gevolg van 'n groter oes ten spyte van heelwat kwaliteit- en kwantiteituitdaging. Heelwat veranderings is tydens die integrasie van die Suidwes graanbesigheid aangebring en die impak hiervan sal waarskynlik eers in die volgende finansiële jaar waargeneem word. Die graanverhandelingsmodel is herontwerp en voorlopige aanduidings van die eerste jaar se resultate ten opsigte van markaandeel en silo-opberging is belowend. Die geherstruktureerde model sal homself egter oor tyd moet bewys.

DIREKTEURE: JDM Minnaar (Voorsitter), F Strydom (Hoof Uitvoerende Beampte)*, SF Booysen (Ondervoorsitter), CF Kruger (Hoof Finansiële Beampte)*, VJ Klein, AJ Kruger, NDP Liebenberg, GL Malherbe, JS Marais, FE Marx, JJ Minnaar, SM Mohapi, JPN Stander, WH van Zyl, JJ Viljoen en AG Waller. Maatskappysekretaris: EM Joynt. *Uitvoerende

http://senwes.co/resultate21a